


Graad 7 Drama: Week 1: Fisiese ontwikkeling en die volksverhaal

1. Lees die kort stukkie oor fisiese ontwikkeling op bladsy 93.
2. Doen aktiwiteit 1 (Spieëlwerk) (Bl. 93) saam met jou ouer(s)/broer/suster.
 - a. Hierdie aktiwiteit duur 5-10 minute
 - b. Soms in 'n dramastuk moet akteurs mekaar kan na-aap of saambeweeg soos een mens om sodoende die storie effektief te vertel. Hierdie aktiwiteit bied vir julle die geleentheid om hierdie vaardighede self te ontwikkel.
 - c. Dit help vir jou om saam met ander te werk, leierskap oor te gee aan 'n ander en ook om sorgvuldig en gefokus te werk.
3. Lees "Wat is 'n volksverhaal" (Bl. 97)
4. Lees aktiwiteit 8 ('n Volksverhaal) (Bl. 98) en doen dit op die volgende manier:
 - a. Soek op die internet of in boeke/leesboeke of tydskrifte wat julle by die huis het vir volksverhale. Indien jy nie 'n volksverhaal in die boeke/tydskrifte kan vind nie, neem enige storie wat julle by die huis het.
 - i. Jy kan andersins gebruik maak van die storie wat voorsien is.
 - b. Lees die verhaal en vertel dan vir jou ma/pa/broer/suster wat in die storie gebeur.
 - c. MOENIE die storie vir hulle lees nie.
 - d. Moenie noual van dramatisering gebruik maak nie. Vertel slegs wat gebeur.
5. Lees "Vertelling van die storie" (Bl. 98)
6. Lees aktiwiteit 9 (Die breë trekke van die storielyn) (Bl. 98) en doen dit op die volgende manier:
 - a. Neem nou dieselfde verhaal en vertel dit die keer met die hulp van gebare, gesigsuitdrukings, ens om die storie te dramatiseer. Jy hoef dit nie as 'n volledige toneelstuk te dramatiseer nie. Ons kom nog daarby. Hierdie is slegs om die storie meer geloofwaardig en interessant te maak.
 - b. MOENIE die storie net vir hulle lees nie. Leef jouself in die teks in.
 - c. Jy kan jou eie klanke/geluide maak met huishoudelike voorwerpe, jou stem en/of liggaam.
 - d. Die doel hiervan is sodat jy by die storie betrokke kan raak.
7. Doen aktiwiteit 2 (Leiding en navolging in klein groepies) (Bl. 93) indien daar tyd beskikbaar is
 - a. Hierdie aktiwiteit duur 5-10 minute
 - b. 2 Voorbeelde van die groepsverdeling:
 - i. Groep 1: Jy en jou ma/pa; Groep 2: Jou pa/ma en jou broer/suster
 - ii. Groep 1: Jy en jou pa/ma; Groep 2: Jou broer en suster
 - iii. Jy kan selfs begin as 2 mense en daarna kom 'n derde een by en vorm 'n driehoek. Julle moet steeds dan doen wat die leier doen.
 - c. Dit help om jou fokus, konsentrasie en vinnige reaksievermoë te ontwikkel.
 - d. Dit moedig spanwerk en samewerking aan.



Geniet die video's wat voorsien is saam met jou gesin!

Vind gerus ander volksverhale op YouTube en kyk lekker saam.

Meer gedetailleerde, hersieningsnotas sal aan die einde van die hoofstuk voorsien word.